**6 DESEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 143**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 143:1**

## Die getroue God hoor ons gebede

Dit is tog maar menslik om te vra wat Dawid hier vra (vs. 1): “Hoor my gebed, Here, Luister tog na my smeking.” Hoe baiekeer het jy nie al in jou lewe jou hande opgesteek en met die Here in gebed gepraat nie? Ons wil so dikwels ‘n antwoord hê (vs. 7). Dawid weet egter dat die Here hom nie ‘n antwoord sal gee omdat hy so oulik is nie. Daarom beroep hy hom net op die Here wat getrou en regverdig is.

Terwyl Dawid in hierdie psalm bid, praat hy oor sy vyande wat juis nie getrou en regverdig is nie. Sy vyande trap hom in die grond en hou hom in die donker gevange (vs. 3). Weer kan ons aan gister se psalm dink waar Dawid ook stikdonkerte om hom beleef het. Ons kan nooit ons hoop op onsself of op mense plaas nie. By mense kan ons definitief nie gaan aanklop vir lesse in getrouheid nie.

Daarom beroep Dawid hom hier op die Here. Hy is die Een wat die toonbeeld van alle getrouheid en regverdigheid is. Sien ons dit nie maar in die hele Bybel nie! Reg deur die Bybel sê die Here dat sonde gestraf moet word (God se regverdigheid) en dan sien ons in die Nuwe Testament dat Iemand kom om die straf vir die sonde te dra (God se getrouheid aan sy beloftes). As ons net op Christus konsentreer, leer ons God ken wat tot in die dood vir ons getrou was (Heb. 12:1-3). Maar Hy het opgestaan en sal daarom tot met ons dood getrou aan ons wees.

*Sing: Psalm 46:1, 3* *Ds Werner van den Heever (Rietvallei)*